Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE**
**SENIOR SERTIFIKAAT**

# GRAAD 11

# NOVEMBER 2020

# AFRIKAANS HUISTAAL V2
# (EKSEMPLAAR)

**PUNTE:** **80**

**TYD:** **2½ uur**

*IAFRHL2*

Hierdie vraestel bestaan uit 16 bladsye.

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Lees die volgende instruksies/opdragte noukeurig deur voordat jy die vraestel beantwoord.

2. Moenie probeer om die hele vraestel deur te lees nie. Raadpleeg die inhoudsopgawe op bladsy 3 en merk die nommers van die letterkundetekste wat jy bestudeer het.

3. Die vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

   AFDELING A: Gedigte (30)
   AFDELING B: Prosa (25)
   AFDELING C: Drama (25)

4. Beantwoord VYF vrae in totaal: DRIE in AFDELING A, TWEE in AFDELING B **of** TWEE in AFDELING C.

   **AFDELING A: GEDIGTE**
   Gesiene gedigte – Beantwoord TWEE vrae.
   Ongesiene gedig – Beantwoord die VERPLIGTE vraag.

   **AFDELING B: ROMAN**
   Beantwoord TWEE vrae.

   **OF**

   **AFDELING C: DRAMA**
   Beantwoord TWEE vrae.

5. **KEUSE VAN VRAE BY AFDELING B (ROMAN) en C (DRAMA)**

   - Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG van die letterkundeteks wat jy bestudeer het.

6. **LENGTE VAN ANTWOORDE**

   - Die lengte van die opstel vir die gedig is 200–250 woorde.
   - Die lengte van die opstel vir die roman en drama is 350–400 woorde elk.
   - Die lengte van die antwoorde van die kontekstuele vrae word bepaal deur die puntetoekenning van elke vraag. Beantwoord die vrae bondig en relevant.

7. Volg die opdragte aan die begin van elke afdeling noukeurig.

8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

9. Beantwoord ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

10. Voorgestelde tydsindeling:

    AFDELING A: ongeveer 40 minute
    AFDELING B: ongeveer 55 minute
    AFDELING C: ongeveer 55 minute

11. Skryf netjies en leesbaar.

**INHOUDSOPGAWE**

Hierdie bladsy sal jou help met keuse van vrae sonder dat dit nodig is om die hele vraestel deur te lees.

**AFDELING A: GEDIGTE**

**Voorgeskrewe gedigte: Beantwoord ENIGE TWEE vrae.**

| VRAAGNOMMER | VRAAG | PUNTE | BLADSY |
|---|---|---|---|
| 1. *Gestorwe planeet* | Opstelvraag | 10 | 5 |
| 2. *Afrika, my Afrika* | Kontekstuele vraag | 10 | 6 |
| 3. V*raag* | Kontekstuele vraag | 10 | 7 |
| 4. My *hand ritsel* | Kontekstuele vraag | 10 | 8 |

**EN**

**Ongesiene gedig: Verpligtend**

| VRAAGNOMMER | VRAAG | PUNTE | BLADSY |
|---|---|---|---|
| 5. *Moedertaal* | Kontekstuele vraag | 10 | 9 |

**AFDELING B: ROMAN**

**Beantwoord TWEE vrae.***

| VRAAGNOMMER | VRAAG | PUNTE | BLADSY |
|---|---|---|---|
| 6. *Droomdelwers* | Opstelvraag | 25 | 10 |
| 7. *Droomdelwers* | Kontekstuele vraag | 25 | 10 |

**OF**

**AFDELING C: DRAMA**

**Beantwoord TWEE vrae.**

| VRAAGNOMMER | VRAAG | PUNTE | BLADSY |
|---|---|---|---|
| 8. *My Japan* | Opstelvraag | 25 | 13 |
| 9. *My Japan* | Kontekstuele vraag | 25 | 13 |

***LET WEL:** Beantwoord die OPSTELVRAAG EN KONTEKSTUELE VRAAG van die letterkundeteks wat jy bestudeer het.

**Jy mag NIE TWEE opstelvrae of TWEE kontekstuele vrae beantwoord NIE.**

**KONTROLELYS**

Gebruik die kontrolelys hieronder om te kontroleer of jy die korrekte getal vrae beantwoord het.

| AFDELING | VRAAG-NOMMER | GETAL VRAE BEANTWOORD | MERK ✓ |
|---|---|---|---|
| A: Gedigte<br>(Voorgeskrewe gedigte) | 1–4 | 2 | |
| A: Gedigte<br>(Ongesiene gedig) | 5 | 1 | |
| B: Roman<br>(Opstel- en Kontekstuele vraag) | 6–7 | 1 | |
| C: Drama<br>(Opstel- en Kontekstuele vraag) | 8–9 | 1 | |
| **LET WEL:** Beantwoord BEIDE OPSTELVRAAG en KONTEKSTUELE VRAAG uit DIESELFDE AFDELING. | | | |

## AFDELING A: GEDIGTE

## VOORGESKREWE GEDIGTE

Beantwoord ENIGE TWEE vrae.

### VRAAG 1: OPSTELVRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vraag wat volg.

**Gestorwe planeet – Eveleen Castelyn**

Aerosolkannetjies pons gaatjies
in die dun osoondoek rondom
die aarde gespan –
toe smelt die pole,
seevlakke styg, uitgelate
gifgasse klim van onder
tot bo in die Hemel
en die Here alleen weet
wat het geword van die groen
gordels reënwoude
wat Hy geplant het.
Stofgepoeierde karkasse draf
oor die ver verlate vlaktes,
in die skoot van die skatkamers
edelgesteentes en minerale
rus dromme kernkragafval
TOT IN DOOMSDAY
Tjernobil en Three Mile Island
se halfleeftyd-uitstraling!
Menslike faeces in die bergstrome:
riviere mond uit in ’n riool-
oseaan, perdjies met blink
gekamde olieswart kuiwe
en skuimende rasende bekke
slaan dood neer, gevrekte visse
en voëls soos skulpe uitgespoel
op die strande, sing die swanesang
van ’n verlore paradys – gestorwe
planeet gemaak
met mensehande!

[Bron: *Kubermens*,1999]

Die mens is verantwoordelik vir die vernietiging van die aarde.

Bespreek hierdie stelling in ’n opstel van 200–250 woorde na aanleiding van die aanklagte wat in hierdie gedig teen die mens gemaak word. **[10]**

## VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**Afrika, my Afrika – Daniel Hugo**

I
vergeet van sprinkane en droogte
haelstorms en meteoriete
dit is die klein irritasies
wat my radeloos maak:
vlieë, vlooie, muskiete

II
die muskiet prospekteer met sy boor –
stellasie op die vlakte van my vel:
hy soek die minerale in my are

III
die vervlakste, ratse vlooi is ŉ spring –
haas op die karooveld van my kooi

IV
die vlieg is ŉ voorste sensasiesoeker:
in hierdie droë land is hy eerste by – geboei
deur trane wat loop, bloed wat vloei

[Bron: *Hanekraai*, 2012]

2.1 Wie is die aangesprokene in hierdie gedig? (1)

2.2 Verklaar die progressie in versreël 1–2. (1)

2.3 Wat word ŉ driereëlige strofe (soos strofe 2) genoem? Motiveer hoekom die uiterlike bou van die gedig geslaagd is. (2)

2.4 Verduidelik die hiperbool en beide metafore wat in strofe 2 voorkom, in jou eie woorde. (3)

2.5 Hoe word die springaksie van die vlooi in strofe 3 verstegnies beklemtoon? (1)

2.6 Sê hoe die stemming van die gedig skielik in die slotstrofe verander en gee die dieperliggende rede vir dié veranderde stemming. (2)

**[10]**

## VRAAG 3: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**Vraag – Lina Spies**

Verliefheid – so is proefondervindelik vasgestel –
duur ’n jaar, hoogstens agtien maande;
langer is die hartkloppings, die kortasemheid
nie uit te hou nie. Verliefdheid is ’n siektetoestand.
Maar wat van wat daarop volg
as dit nie afgestorwenheid is nie, maar liefde?
Is dit draagliker omdat dit minder gerig is
op die drif gehuisves in die lendene
en meer op wat skuil in die buitekring van die sintuie,
in die glim van ’n lag en die opslag van ’n oog,
op dít wat jou aan die geliefde bind
met ’n kragdraad so dun
en so onbreekbaar soos ’n haar?

[Bron: *Tydlose gety*]

3.1 Wat is die vraag waarna die titel verwys? (1)

3.2 Verduidelik die woordbetekenis van die parentese in versreël 1 en sê hoe dié woorde beklemtoon word. (2)

3.3 Hoe weet ons die wending in die gedig is in versreël 5? (1)

3.4 Verduidelik die retoriese vraag in versreël 5–6 in jou eie woorde. Sê ook wat die spreker in versreël 8 meen die fokus van verliefdheid is. (2)

3.5 Stem jy saam met die spreker se mening in versreël 10? Motiveer jou antwoord. (1)

3.6 Wat is die tema en die boodskap van die gedig? Noem ook EEN verband wat jy glo tussen die bundeltitel en die spreker se mening in hierdie gedig gelê kan word. (3)

**[10]**

Kopiereg voorbehou

## VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**My hand ritsel – Cas Vos**

As die skemer deur ruite val,
ritsel my hand op leë papier,
fluit 'n trein in die nag se oor.
Sterre dryf soos bote op water
en skadu's skuif in voor die maan.

As my hand ritsel op papier,
kom daar in die skemeruur
'n gedig uit swartland se drome.
Ek soek tussen die fragmente
na die omtrek van jou gesig,
my oë dwaal oor die are
wat op jou sagte hande vertak.

Ek merk hierdie gedig op papier,
lig soos asem in die nag se mond.
'n Gedig met horte en stote,
my hand is stomp en dom
van groen poësie se vlekke
en woordlyne bly ontspoor.

My hand skryf op papier
in die vervalle skemeruur
voor my woorde droog ritsel.

[Bron: *Intieme Afwesige*, 2009]

4.1 Hoekom is die gebruik van *ritsel* in die titel hier ongewoon? Verklaar nou die titel in jou eie woorde en sê wie die spreker is. (3)

4.2 Benoem die beeldspraak in versreël 4. (1)

4.3 Verklaar die funksie van die inversie in versreël 6. (1)

4.4 Die gebruik van *swartland* in versreël 8 kan denotatief en konnotatief wees. Motiveer hierdie stelling. (2)

4.5 Wat impliseer *groen poësie* in versreël 17 omtrent die spreker? (1)

4.6 Verduidelik die progressie in die skryfproses wat ons in hierdie gedig aantref. Hoe ondersteun dié progressie eindelik die boodskap van dié gedig? (2)

**[10]**

**EN**

Kopiereg voorbehou

## ONGESIENE GEDIG (VERPLIGTEND)

## VRAAG 5: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**Moedertaal – Peter Snyders**

Kind, as djy regte Afrikaans praat,
doenit!
Dis waam mamma jou lat opleerit;

kritisaais skrywers wat skryf
soes mamma praat,

maa moenie ve'wag
mamma moet nou change nie.

[Uit*: Vers en Vlam, 2015*]

5.1 Waarom is dit korrek om te sê die spreker gebruik Kaaps-Afrikaans? (1)

5.2 Wie is die spreker in die gedig en verklaar wat die persoon se mening oor Standaardafrikaans is. (2)

5.3 Gee die Standaardafrikaanse betekenis van *opleerit* in versreël 3. (1)

5.4 Wat is die funksie van die enjambement in versreël 5? (1)

5.5 Wat behels die wending in die slotstrofe en sê hoekom dit eintlik op 'n hartseer wyse ironies is. (2)

5.6 Hoe word 'n tweereëlige strofe soos die slotstrofe genoem? Gee ook TWEE redes waarom hierdie gedig 'n vrye vers is. (3)
**[10]**

**TOTAAL AFDELING A: 30**

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING B: ROMAN

Beantwoord in hierdie afdeling TWEE vrae.

### *DROOMDELWERS* – Esta Steyn

Beantwoord VRAAG 6 (opstelvraag) **EN** VRAAG 7 (kontekstuele vraag).

### VRAAG 6: *DROOMDELWERS* – OPSTELVRAAG

In *Droomdelwers* kom sekere elemente soos klip/graniet, glas en die popgesin herhaaldelik na vore om die temas en titel te ondersteun.

Bespreek hierdie stelling in ŉ opstel van 350–400 woorde. **[25]**

### VRAAG 7: *DROOMDELWERS* – KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS A**

Wanneer Leendra en Sielie uit die munisipale gebou kom, sien Sielie dadelik die silwer Porsche Carrera wat voor in die straat geparkeer staan. Sy storm op die kar af en loer deur die venster.

"Kom, Sielie! Kom nou!" roep Leendra en gaan vat haar aan die arm, maar Sielie bly by die kar inkyk.

Die stem wat skielik langs hulle praat, voel soos koue ysblokke wat langs Leendra se rug afrol.

"Toe, weg is jy!" sê die man vir Sielie en druk haar weg.

"Hou jou pote van my sussie af," sis Leendra.

Die man voor haar is Gilbert Redelinghuys. Hy staar bleek na haar asof hy ŉ spook gesien het.

Dit voel vir haar asof die straattoneel net daar stol, met haar hart wat ŉ paar slae mis en vuurwarm bloed wat in haar kop klop. Sy bly bewus van motors in die straat. Van ŉ roomysklokkie wat lui. Van Sielie wat aan haar arm klou.

"S-ssusie ... ice k-kreem," beduie Sielie na die roomyskarretjie.

"Ek het nie geld vir roomys nie. Kom, Sielie!"

Maar Sielie bly kerm. "T-twaalf rand ... t-twaalf rand, S-sussie."

Gilbert swaai ŉ vyftigrandnoot voor Sielie se gesig verby. "Loop koop vir jou ice cream."

Sielie wil die geld vat, maar Leendra gryp dit en plak dit hardhandig op die lae dak van die Porsche neer. Sy swaai om en kyk vir Gilbert met koue groen oë aan.

Gilbert meet haar. "Gaan jy nie met my praat nie? Of het hulle jou skerp tong in die tronk afgesny?"

7.1 Teen watter agtergrond speel die gebeure in hierdie uittreksel af? (1)

7.2 Herlees reël 6–7.

Gee TWEE redes waarom Gilbert Redelinghuys hierdie reaksie by Leendra ontlok as jy hul geskiedenis in gedagte hou. (2)

7.3 Herlees reël 9.

Is daar ŉ ooreenkoms in Leendra se handeling hier met hoe sy teenoor Samuel optree wanneer hul die eerste keer ontmoet? Motiveer jou antwoord. Verskil dit van haar optrede teenoor Sielie? Motiveer jou antwoord. (2)

7.4 Verklaar die rede vir Sielie se spraakgebrek soos dit uit reël 16 duidelik blyk. Sê ook hoe Sielie deur naamgewing gekarakteriseer word. (2)

7.5 Ons sien in hierdie uittreksel duidelik die konflik tussen Leendra en Gilbert. Gee DRIE voorbeelde van innerlike konflik wat Leendra in die roman ervaar. Word hierdie konflik eindelik bevredigend opgelos? Motiveer jou antwoord. (4)

7.6 Die verwysing na Leendra se groen oë in reël 23 roep die beeld van die nuutontdekte graniet op. Wat is die naam van die graniet wat ontgin is en gee die betekenis van die Italiaanse gedeelte daarvan. Dink jy die naam is geregverdig? Motiveer jou antwoord. (3)

**EN**

**TEKS B**

Wanneer Leendra die volgende dag die pos gaan uithaal, is daar ŉ brief van Lucia. Sy gaan sit op die muurtjie voor die poskantoor en skeur die brief oop.

*Liewe Leendra, ek dink elke dag aan jou en Sielie. Teen hierdie tyd weet jy seker dat ek ŉ skeisaak teen Phil begin het. Na soveel jare is daar dinge wat my steeds pla. Ek het alle rede om te vermoed dat Phil, as eksekuteur van jou pa se boedel, nie reg opgetree het nie. Daar was ŉ prokureur met die naam Kurt Combrinck wat ek nie vertrou nie. Hy was met die saak gemoeid. Ek dink nie Phil het die volle koopsom van die soutmyn in die boedel inbetaal toe hy dit gekoop het nie. Daar is ŉ lêer in Phil se kantoor in die kluis. Die sleutel is in die boonste laai van sy bedkassie in ons kamer, met ŉ rooi bandjie om. Wees net versigtig dat Phil jou nie sien nie. As ek weer bel, moenie van hierdie dinge praat nie, want Phil luister partykeer van die huis se foon af in.*

Sy staan in die slaapkamer en kyk na die bed waar Lucia so lank geslaap het. Wanneer sy die bedkassie se laai ooptrek, hoor sy die voordeur oopgaan. Sy was seker dat oom Phil op die panne is. Dis sy voetstappe wat in die gang opklink. Sy bly versteend staan wanneer Phil die kamer binnekom.

"Soek jy iets?" Hy vat sy sonbril van die bedkassie af.

7.7 Waar pas TEKS B in die struktuur van die roman in? Motiveer jou antwoord. (2)

7.8 Benoem die soort verteller in reël 4–14 en sê waarom die gebruik van hierdie soort verteller hier geslaagd is. Verklaar ook hoekom die gebruik van 'n ander soort verteller in hierdie gedeelte minder suksesvol sou wees. (3)

7.9 Wat is die rol van die verteller in die onderstreepte woorde in reël 16–17? (1)

7.10 Dink jy Lucia se teenwoordigheid in die roman is gepas? Motiveer jou antwoord met TWEE redes. Dra haar teenwoordigheid in die roman by tot die tema van vryheid? (3)

7.11 Beskryf kortliks die verskil in Leendra se handeling in TEKS A en reël 15–19 van TEKS B. (1)

7.12 Wat is die hooftema van *Droomdelwers*? (1)
**[25]**

**TOTAAL AFDELING B: 25**

**OF**

## AFDELING C: DRAMA

Beantwoord in hierdie afdeling TWEE vrae.

***MY JAPAN* – Schalk Schoombee**

Beantwoord VRAAG 8 (opstelvraag) EN VRAAG 9 (kontekstuele vraag).

### VRAAG 8: *MY JAPAN* – OPSTELVRAAG

In *My Japan* kom sekere elemente soos die wasgoeddraad, herhaaldelik na vore om die temas, titel en verskeie ander verhoogaspekte te ondersteun.

Bespreek hierdie stelling in ŉ opstel van 350–400 woorde. **[25]**

### VRAAG 9: *MY JAPAN* – KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS C**

| | |
|---|---|
| JUFFROU VENTER: | Is julle manne nie te groot vir sulke dinge nie? *(draai na Elzette en Ilse)* Toe, wat sê julle buitestanders? |
| ILSE: | Ek, Juffrou? |
| JUFFROU VENTER: | Wat het julle gesien? |
| ILSE: | Stofwolke, Juffrou. |
| | *Die meisies lag.* |
| ILSE: | Hulle baklei oor Gerrit seer voel omdat hy nog nie met meisies te doen gehad het nie, jy weet ... |
| GERRIT: | *(aan Ilse)* Het jý al, Worshond? |
| LINDA: | *(kyk na Elzette)* Vra eerder vir Zombi-girl. |
| | *Meisies giggel. Elzette gluur hulle aan.* |
| JUFFROU VENTER: | Gee haar kans. Hoekom sê jy dit, Ilse? |
| ILSE: | Sonder testosteroon was die wêreld ŉ vreedsamer plek, Juffrou. |
| WIM: | Miskien moet jy Japan toe waai, Muisnes. |
| JUFFROU VENTER: | Nie nodig om beledigend te raak nie, Wim. |
| ILSE: | Sodra ek my matrieksertifikaat het. |
| LINDA: | Sy wil Engels gee vir die Japsnesies, nes haar niggie. |
| JUFFROU VENTER: | Dis tog goed om te reis, ander lande en kulture te ervaar. |
| LIDIA: | My pa sê die breindrein is sleg vir die land. |
| LUKAS: | Dis nou as jy ŉ brein het om te drein. |
| ELZETTE: | Hoor wie praat! Mossiebrein. |
| LUKAS: | Hei julle, die Goth se tong is terug! |
| JUFFROU VENTER: | Oukei, genoeg mense. Julle is almal goed opgevoed, julle mik vir onderskeidings. Maar ons kan gerus praat oor verdraagsaamheid. |

| | |
|---|---|
| LIDIA: | Juffrou, my pa sê hy kan almal verdra behalwe gekke en dwase. |
| JUFFROU VENTER: | Wie's gek en wie's dwaas? |
| GERRIT: | Ek ken 'n hele paar van albei. |
| | *Die seuns lag onderlangs.* |
| JUFFROU VENTER: | Ons ken almal mense wat nie mooi optree soos ons wil nie. Ons praat nou oor sosiale norme. Normaliteit kom van norme. Ons wil almal dink ons is normale mense. |
| ILSE: | Wie besluit wie is normaal? |
| JUFFROU VENTER: | Goeie vraag, Ilse. |

9.1 Gee 'n rede vir Juffrou Venter se dialoog in reël 1. (1)

9.2 Herlees reël 2.

Waarom word Ilse en Elzette onderskeidelik as buitestanders geëtiketteer? (2)

9.3 Wat word die skuinsgedrukte woorde in reël 11 genoem? Sê ook wat die funksie van die woorde in hierdie reël is en gee die naam van die groep meisies wat giggel. (3)

9.4 Herlees reël 15.

Dink jy dit is binne die verhaalgebeure geregverdig dat Ilse Japan toe wil gaan? Motiveer jou antwoord. Dink jy dit is goed vir haar om haar vlerke te sprei? Motiveer jou antwoord met TWEE redes. (3)

9.5 Verklaar die konnotatiewe verwysing na Japan soos die leser dit in hierdie drama deur Ilse se perspektief beleef. (1)

9.6 Herlees reël 22–24.

Benoem die soort konflik in hierdie reëls. Word die konflik tussen die leerders eindelik opgelos? Motiveer jou antwoord. (2)

9.7 Herlees reël 33–34.

Hoe hou hierdie woorde verband met Ilse en haar ma se verhouding? (1)

**TEKS D**

*Die mense sink verslae neer. Net Ilse en die ma bly staande. Die vloer is besaai met mense en klere. Snikke en huilgeluide word hoorbaar.*

JUN: Soveel dood, soveel verlore. Weg, net weg.

MA: Oral is ma's dieselfde. Hulle harte skeur. Hulle hardloop rond soos afkop-hoenders. Hulle skree. Hulle grawe. Hulle bewe onbedaarlik. Hulle soek hulle kinders in die puin, in die slik en stinkende modder.

*Matrone en Suster kom regs op met die trollie. Hulle begin pille uitdeel, eers aan MA, daarna aan die gewondes en oorlewendes.*

MATRONE: Bruin pilletjie.

SUSTER: Bruin pilletjie.

MATRONE: Vir verlies.

SUSTER: Vir afgryse en ontbinding.

MA: My enigste seun is weggespoel.Verdrink. Ek soek hom in die puin, tussen blare, takke, stukke mure. Maar verniet. My mooi, slim, oulike seun.

LUKAS: Is jy okei, Ilse? Jy's wasbleek.

ILSE: Ek ... ek ... dis net ...

ENGELA: Iets verskrikliks. Afgryslik, ondenkbaar. Ek groei vas voor my TV.

LUKAS: Cool toespraak, Ilse. Waar kry jy al die feite? Die internet?

*Beleefde applous van die klas.*

ILSE: *(haar gemoed vol)* Uh, dankie. Dis net ... ek ... sal Juffrou my asseblief verskoon? Ek het 'n bietjie vars lug ... die stank ...verrottende lyke ...

*Die geluid van groot waters wat suis en verswelg.*

LUKAS: Hei pasop! Sy gaan val. Breek soos 'n bord.

*Ilse duisel en Lukas vang haar.*

*Die leerlinge versteen, die ma soek tussen die lakens en klere, in die "puin".*

MA: Ilse! Ilse! Waar's jy?

ILSE: *(droom)* Die vrou met die twee monde roep. Sy skree. Sy sper haar mond wyd oop. Sy kom al nader en nader ...

9.8 Herlees reël 5–11.

Verklaar die ooreenkoms tussen die handeling van die ma's hier en die van Mercia vroeër in die drama. (1)

9.9 Waar pas TEKS D in die struktuur van die drama in? Motiveer jou antwoord. Hierdie uittreksel bewys ook die fragmentariese tydverloop in hierdie drama. Bewys dat hierdie stelling korrek is. (3)

9.10 Herlees reël 9–15.

Watter rol vervul Matrone en Suster telkens wanneer hulle pille op die verhoog uitdeel in hierdie drama? Sê ook na watter ruimte word die verhaalgebeure verplaas wanneer hulle hier op die verhoog verskyn. (2)

9.11 Herlees reël 35–37.

Verklaar die denotatiewe en konnotatiewe verwysing na die vrou met die twee monde. Dink jy die beskrywing op konnotatiewe vlak is geregverdig? Motiveer jou antwoord. Verklaar ook hoekom Ilse se negatiewe houding jeens hierdie karakter aan die einde van die verhaal verander. (4)

9.12 Wat, dink jy, is die tema en boodskap van hierdie drama? (2)
**[25]**

**TOTAAL AFDELING C: 25**
**GROOTTOTAAL: 80**

Kopiereg voorbehou

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE
# SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 11

## NOVEMBER 2020

## AFRIKAANS HUISTAAL V2
## NASIENRIGLYN
## (EKSEMPLAAR)

**PUNTE: 80**

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 17 bladsye.

**NASIENRIGLYNE**

1. As ŉ kandidaat meer as die verlangde getal vrae gedoen het, word net die eerste antwoord/respons nagesien. **(Die kandidate moet die opstelvraag** en die kontekstuele vraag oor DIESELFDE genre beantwoord.)

2. As ŉ kandidaat in AFDELING A al vier vrae oor die gesiene gedigte gedoen het, word die eerste twee gedigte se antwoorde nagesien.

3. As ŉ kandidaat in AFDELING B en C twee kontekstuele vrae of twee literêre opstelle beantwoord het, word die eerste antwoord nagesien en die **tweede antwoord word geïgnoreer**. As ŉ kandidaat al vier die vrae in AFDELING B en C beantwoord het, word die eerste **afdeling** nagesien.

4. As ŉ kandidaat twee antwoorde gee en die eerste antwoord is verkeerd, maar die tweede antwoord is reg, word die eerste antwoord nagesien en **die tweede antwoord word geïgnoreer.**

5. As antwoorde verkeerd genommer is, word die antwoorde volgens die nasienriglyn nagesien.

6. As ŉ spelfout die betekenis van die antwoord beïnvloed, word dit verkeerd gemerk. As die spelling nie die betekenis van die antwoord beïnvloed nie, word dit as korrek beskou.

7. *Literêre opstel*:
   As die opstel korter as die verlangde lengte is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie omdat hy/sy, hom-/haarself gepenaliseer het. As die opstel te lank is, assesseer dit op meriete en bespreek dit met die senior nasiener/ vakhoof. Die nasienriglyn is slegs ŉ riglyn, daarom moet ander relevante inhoud as korrek beskou word. Gebruik die aangehegte rubrieke om die literêre opstelle na te sien.

8. *Kontekstuele vrae*:
   As ŉ kandidaat nie aanhalingstekens gebruik waar ŉ vraag dit vereis nie, word die kandidaat **nie gepenaliseer nie**.

9. Vir oop vrae word geen punte toegeken vir JAN/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.

10. Geen punte word vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING toegeken nie. Die rede/motivering/bewys verdien die punt.

## AFDELING A: GEDIGTE

## VRAAG 1: LITERÊRE OPSTEL

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte **ASSESSERINGSRUBRIEK VIR LITERÊRE OPSTEL – HUISTAAL: POËSIE** nagesien. LET WEL:

- **Dis ŉ breë raamwerk van feite.**
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

Die kandidaat bied ŉ gepaste inleiding aan.

- **Die aarde word bedreig deur besoedeling**, want lug-geraas en waterbesoedeling word in hierdie gedig van naderby bekyk.
- **Lugbesoedeling deur die mens se verkeerde/nalatige optrede** lei tot die gat in die osoonlaag wat natuurrampe tot gevolg het.
- **Die gasse wat in mensgemaakte aërosolkannetjies vrygelaat word**, veroorsaak gate in die osoonlaag.
- **Stygende water en poolstreke wat smelt** is die mens se handewerk deur lugbesoedeling.
- **Die gate in die osoonlaag laat die pole smelt** sodat die seevlakke styg en die mens later geen beheer daaroor het nie.
- **Die natuur word deur die mens vernietig** omdat die groen reënwoude dan verdwyn. (en ŉ wanbalans in die omgewing is die gevolg.)
- **Die mens besoedel die riviere en die see** wat dan tot vrektes van ons waterlewe lei.
- **Diere begin soos karkasse lyk** omdat hul ondervoed is deur die mens wat nie behoorlik na die diereryk omsien nie.
- **Die mens veroorsaak kernkragongelukke** by Tjernobil en Three Mile Island wat verreikende gevolge vir menslike bestaan inhou.
- **Die uitstraling van radioaktiewe stowwe** veroorsaak dat menselewens geëis word.
- **Die mens ontwikkel op tegnologiese gebied**, maar die eindeinde is dat die kernkragafval langs skatkamers edelgesteentes geberg word.
- **Die mens se optrede** het tot gevolg dat oseane in riool verander.
- **Die seelewe word vernietig,** want branders word swart van oliebesoedeling deur die mens se toedoen.
- **Die mens se optrede getuig van onverantwoordelikheid ten opsigte van die seelewe**, want dooie visse spoel op strande uit.
- **Die mens kyk nie na die voëls nie**, want hul sing ŉ swanesang van ŉ verlore paradys.
- **Die mens het nie met die nodige verantwoordelikheid versigtig met God se skepping omgegaan nie** omdat hul hul eie god geword het.

Die kandidaat bied ŉ gepaste slot aan. **[10]**

**OF**

## VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG – Afrika, my Afrika

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 2.1 | Afrika √ | 1 |
| 2.2 | Daar is ontwikkeling in die omvang/grootheid van die (soort) bedreigings in Afrika./<br>Die bedreigings begin by die klein/konkrete op aarde, dan word daar verwys na 'n natuurtoestand, dan 'n weerramp en eindelik 'n ramp uit die ruimte. √ | 1 |
| 2.3 | Tersine √<br><br>Elke bedreiging word in afsonderlike strofes aangeraak sodat elkeen beklemtoon word. / Die eerste strofe lei die gedig treffend in deur te noem wat die bedreigings is en dan word elke bedreiging afsonderlik in 'n strofe aangespreek. / Elke bedreiging word afsonderlik in 'n strofe aangespreek en die grootste bedreiging word in die slotstrofe as klimaks aangebied. √ | 1<br><br>1 |
| 2.4 | Hiperbool – Die klein muskiet word voorgestel as 'n prospekteerder (wat oor 'n wye area prospekteer op soek na minerale). √<br><br>Metafoor – Die steekaksie van die musiek se monddele word vergelyk met die pompaksie van 'n boor in die myn. √<br><br>Metafoor – Die mens se vel/liggaam word as vlakte voorgestel. √ | 1<br><br>1<br><br>1 |
| 2.5 | Die koppelteken beklemtoon die sprong. / bewerkstellig enjambement wat die gedig bind. √ | 1 |
| 2.6 | Die stemming verander van 'n spottende toon na 'n ernstigheid skielik. √<br><br>*Die kandidate kan slegs die verandering in stemming aandui as hul verwys na hoe dit was – en nou skielik is – beide kante dus vir EEN punt.*<br><br>Die slotstrofe roep die hartseer Afrika-geskiedenis op./ Die slotstrofe verwys na uitbuiting/slawerny/siekte/honger/droogte/geweld in Afrika. √ | 1<br><br>1 |
| | | **[10]** |

**OF**

## VRAAG 3: KONTEKSTUELE VRAAG – Vraag

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 3.1 | Die vraag verwys na die verskil tussen verliefdheid en liefde./Die spreker vra wat is verliefdheid en wat is liefde. √<br><br>*Die kandidaat moet na verliefdheid én liefde in sy/haar antwoord verwys.* | 1 |
| 3.2 | Dit is eksperimenteel/met 'n eksperiment/deur waarneming vasgestel. √<br><br>Die woorde word deur die aandagstrepe beklemtoon. √ | 1<br><br>1 |
| 3.3 | Die wending begin met 'n (neweskikkende) voegwoord/met die woord "Maar" √ | 1 |
| 3.4 | Wat gebeur as verliefdheid nie net verbygaan nie, maar as dit in liefde (wat broos is) ontwikkel? √<br><br>Lyflike/Liggaamlike drif/Drang/Hartstog √ | 1<br><br>1 |
| 3.5 | Ja.<br>Wanneer 'n mens lief is vir iemand, verstaan jul die nie-verbale kommunikasie/fyn nuanses/sintuiglike waarneming/oogkontak en (lag) uitdrukkings van mekaar baie goed.<br><br>**OF**<br>Nee.<br>Dit is nie noodwendig so dat 'n mens eers lief hoef te wees vir iemand om die fyn nuanses tussen mekaar op te let nie – dit kan in die verliefweesfase reeds gebeur. √ | 1 |
| 3.6 | Liefde is kompleks. √<br><br>*Die kandidaat formuleer vir EEN punt 'n eie boodskap binne konteks van die tema, bv.*<br>Ek het opnuut geleer dat liefde broos/bedrieglik kan wees./ Ek het opnuut geleer dat ek my nie moet misgis met verliefdheid/liefde nie. √<br><br>Die soeke na antwoorde oor die liefde is, soos die kom en gaan van getye, tydloos en sal nooit ten volle beantwoord/verstaan kan word nie. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1<br><br>1<br><br>1 |
| | | **[10]** |

**OF**

## VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG – My hand ritsel

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 4.1 | Blare ritsel gewoonlik in die wind; nie ’n hand nie. √<br><br>Die titel verwys na ’n skeppende/skrywende hand. √<br><br>’n Digter √ | 1<br><br>1<br><br>1 |
| 4.2 | Vergelyking √ | 1 |
| 4.3 | Die inversie word gebruik om *papier* in die rymposisie met *skemeruur* te plaas./om paarrym moontlik te maak./<br>Die voorplasing van *ritsel* in hierdie versreël beklemtoon die skeppende hand/proses./<br>Dit help om die ritme/metrum in die gedig te behou. √ | 1 |
| 4.4 | Denotatief – die woord kan na die (landbou)streek in die Wes-Kaap verwys. √<br><br>Konnotatief – die woord kan na die spreker se depressiewe/donker gemoed verwys. √ | 1<br><br>1 |
| 4.5 | Die digter is nog onervare. √ | 1 |
| 4.6 | Die skeppingsproses begin in die skemer, hou deur die nag aan en eindig (met ’n voltooide gedig) met dagbreek die volgende oggend. √<br><br>Die boodskap word ondersteun deurdat die leser besef ’n mens moet skryf wat jy kan voordat die woorde soos droë blare wegritsel./Al is die skryfpoging onvolmaak, moet ’n mens jou gedagtes neerpen voordat dit verdwyn. √ | 1<br><br>1 |
| | | **[10]** |

**EN**

Kopiereg voorbehou 

## VRAAG 5: KONTEKSTUELE VRAAG – Moedertaal

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 5.1 | Die gebruik van Engelse woorde, bv. *kritisaais/change*<br>Die verhoging van die klinkers/vokale, bv. *soes*<br>Klankweglating, bv. *maa/ve'wag*<br>Die gebruik van assimilasie, bv. *doenit*<br>Voorvoeging, bv. *djy* √ | 1 |
| 5.2 | 'n Ma √<br><br>Sy dink dit is die *regte* Afrikaans./Dit is die korrekte/goeie manier van Afrikaanspraat./Sy is positief oor Standaardafrikaans./Sy is nie negatief oor Standaardafrikaans nie. √ | 1<br><br>1 |
| 5.3 | Dis hoekom sy haar kind <u>verder laat studeer het.</u> √ | 1 |
| 5.4 | Die enjambement beklemtoon dat die skryf/gebruik van Kaaps/Kaapse-Afrikaans nie gestuit kan word nie/aanhou gebruik word/meer en meer gebruik word. √ | 1 |
| 5.5 | Die spreker verklaar dat haar seun nie van haar moet verwag om haar moedertaal (nou) te verander nie./om nou Standaardafrikaans te praat nie. √<br><br>'n Mens sou verwag dat die spreker trots is op haar taalgebruik / moedertaal, maar sy misken eintlik Kaaps/Kaapse-Afrikaans, want sy het haar seun laat studeer om *regte* Afrikaans te kan praat. √<br><br>*Die kandidaat moet beide kante van die ironie vir EEN punt noem.* | 1<br><br>1 |
| 5.6 | Koeplet √<br><br>Geen vaste strofebou/Geen vaste rymskema/Onreëlmatige gebruik van hoofletters √√<br><br>*Die kandidaat noem enige TWEE redes vir EEN punt elk.* | 1<br><br>2 |
| | | **[10]** |

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: ROMAN

Beantwoord TWEE vrae.

### VRAAG 6: OPSTELVRAAG

***DROOMDELWERS* – Esta Steyn**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.
LET WEL:

- **Dis ʼn breë raamwerk van feite.**
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

Die kandidaat bied ʼn gepaste inleiding aan.

- **Klip dui in hierdie roman op standvastigheid en welvaart**, want Western Mining is op soek na graniet wat juis dít vir hul maatskappy sal inhou.
- **Dit is belangrik dat klip/graniet ontgin word, juis vir die standvastigheid en welvaart van die hele kontrei**, want die meerderheid inwoners kry swaar.
- **Samuel word bewus dat Sielie die sleutel tot die antwoord is waar hy die besondere graniet kan kry**, want sy het vir hom appelkooskleurige klippe gewys.
- **Samuel sê vir Sielie dat sy hom ʼn groot guns bewys het deur vir hom te wys waar die klippe is**, want hy kon verdere toetse doen om te bepaal of hier spesiale graniet is.
- **Die delwersgedagte in die romantitel verwys na die delfproses om die nuwe klip/graniet te vind** sodat standvastigheid en welvaart vir die gemeenskap beskore is.
- **Die nuwe graniet word *Dream Dolorosa* genoem omdat dit ooreenkomste met Leendra se voorkoms en geaardheid toon**. Dit sluit daarom aan by die droombeeld in die titel.
- **Die letterlike delwery op soek na klip/graniet het gelei tot ʼn konnotatiewe delfproses van elke karakter binne hulself** sodat hul later die droom van vryheid van hul verlede/hartseer kon smaak.
- **Die granietvonds het meegebring dat die wyer gemeenskap se droom bewaarheid is**, want die Vlakteveliers is nie aan die onmoontlike omstandighede uitgelewer nie en die Redelinghuyse se vakansieoordprojek is op ʼn vredevolle manier geloods.
- **Die klip/graniet bring standvastigheid vir die karakters**, want in hierdie delfproses ontmoet Leendra en Samuel mekaar, vind liefde en trou.
- **Die graniet/klip bring vir Gretel standvastigheid wanneer sy en Mario eindelik trou** en saam ʼn nuwe lewe begin.
- **Die graniet/klip het aan die hele kontrei hoop en standvastigheid gebring**, want die Vlaktevleiers is nie ontwortel nie en nuwe werksgeleenthede is geskep.
- **Glas dui in die roman op broosheid, versplintering en ontnugtering**, want net soos glas breekbaar is, is die karakters broos na emosionele ervarings.
- **Toe die Vlaktevleiers/Suidhoekers tydens die veragdering bierbottels gooi en ruite breek, is die Redelinghuyse ontnugter** deur die ware gevoel wat onder die Vlaktevleiers heers oor die beplande verskuiwings.
- **Sielie het haar popgesin in ʼn glaskassie uitgestal om te wys dat die verlede verby is**, maar dat dit tog altyd daar sal wees om te onthou.

- **Die beeld van die popgesin agter glas herinner aan die broosheid van die situasie waarbinne Sielie haar bevind**, want sy is ook broos gelaat deur die moord op haar ouers.
- **Die popgesin agter glas herinner ook aan die versplintering van die Van Heelberg-gesin** nadat hul ouers oorlede is en Leendra tronk toe moes gaan.
- **Sielie se eie lewe is versplinter, want in die gasontploffing het sy emosionele skade opgedoen** en haar ontwikkeling het by die van ’n elfjarige kind stilgestaan.
- **Dit bly ’n droom dat Sielie normaal sal begin praat en optree**; daarom was dit nodig vir die konnotatiewe delfproses – die antwoorde het Sielie eindelik vrygemaak van haar broosheid en versplintering.
- **<u>Die popgesin</u> dui in die roman op die ontvlugting van die werklikheid en soeke na antwoorde**, want Sielie herleef die werklikheid van haar verlede deur haar verbeeldingsvlugte en ontvlug die hede deur hierdie fantasiegesin.
- **Die leser kry slegs gedeeltes van die waarheid deur haar poppespel** en dit verhoog dus die spanning.
- **Sielie se handeling met die lappoppe het eindelik tot die beantwoording van onopgeloste vrae gelei** omdat sy die verlede voor haar sien afspeel.
- **Hierdie fantasiegesin help haar om eindelik vry te word**/emosioneel gesond te word sodat sy as jong meisie tot nuwe insigte kon ontwikkel.

Die kandidaat bied ’n gepaste slot aan.

**[25]**

**EN**

## VRAAG 7: *DROOMDELWERS* – KONTEKSTUELE VRAAG

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 7.1 | Leendra loop Gilbert die eerste keer sedert haar vrylating buite die munisipale gebou (in Dwarsmansdal) raak. √ | 1 |
| 7.2 | Gilbert en sy ma het Leendra van diefstal beskuldig./haar afgedank omdat sy kwansuis gesteel het./<br>Gilbert het valse getuienis teen Leendra in die hof gelewer./<br>Gilbert het die lewe vir Leendra moeilik gemaak omdat hy 'n verhouding met haar wou aanknoop, maar sy wou nie, want sy was in 'n verhouding met Ferdinand. √√<br><br>*Die kandidaat bied enige TWEE van die redes vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| 7.3 | Ja<br>Leendra is kwaad omdat Samuel met sy karavaan en tent in die Kleinkloof staan en is baie ongeskik wanneer sy sê hy moet padgee/trek sy tentpenne uit. √<br><br>Ja<br>Leendra tree altyd sag/simpatiek/beskermend teenoor Sielie op. √ | 1<br><br><br>1 |
| 7.4 | Sielie ly aan erge skok/trauma na haar ouers se dood en het sedertdien 'n spraakgebrek. √<br><br>Dié troetelnaam beklemtoon Sielie se weerloosheid/broosheid./wek simpatie en deernis by die leser. √ | 1<br><br>1 |
| 7.5 | Leendra ervaar innerlike konflik oor Sielie se hartseer situasie en wonder of sy haar sal onthou toe sy vrygelaat is, maar sy is hulpeloos omdat sy nie voel dat sy iets omtrent die situasie kan doen/verander nie. / Leendra is na haar vrylating uit die Silwerkruis-gevangenis nog wroegend en kwaad, want sy weet steeds nie wie vir haar ouers se dood verantwoordelik is nie en dit vreet haar op/laat haar uiters gefrustreerd voel/ontneem haar 'n kans op vryheid./ Leendra sê vroeg in die roman reeds dat sy nooit sal vry wees voordat sy weet wat sy moet weet nie, want die geheime hou haar gevange in die hartseer verlede waaruit sy wil ontsnap./ Leendra ervaar innerlike konflik oor haar verhouding met Ferdinand voor haar ouers se dood omdat sy besef die verhouding het 'n negatiewe impak op haar verhouding met haar ouers gehad en sy is spyt dat sy nooit vir haar ouers kon jammer sê nie. √√√<br><br>*Die kandidaat bied enige DIE soortgelyke voorbeelde van innerlike konflik aan en beide kante van die konflik word aangebied vir EEN punt elk.*<br><br>Ja.<br>Leendra kry die antwoorde op haar vrae oor haar ouers se dood wat haar ook vryheid besorg./Leendra maak vrede met die verlede toe haar antwoorde omtrent haar ouers se dood opgelos is./Leendra vind liefde in Samuel en kan die toekoms positief ingaan sonder wroeginge oor 'n hartseer verlede. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 3<br><br><br>1 |

| | | |
|---|---|---|
| 7.6 | Dream Dolorosa √ | 1 |
| | smart/droefheid/leed √ | 1 |
| | Ja.<br>Die graniet is op die plek van Leendra se hartseer/droefheid (waar haar ouers gesterf het) ontgin./Mario en Samuel het op die plek van Leendra se hartseer gedelf. √ | 1 |
| 7.7 | Verwikkeling/Ontwikkeling √ | 1 |
| | Dit is waar die verhouding tussen karakters al meer gespanne word/konflik toeneem as gevolg van die waarheid wat Leendra omtrent oom Phil uitvind. √ | 1 |
| 7.8 | Eerstepersoonsverteller/Ek-verteller √ | 1 |
| | Die verteller bied ’n eerlike/direkte/geloofwaardige vertelling omtrent Phil se skelmstreke./Sy ken Phil daarom kan sy die leser omtrent Phil se skelmstreke inlig. √ | 1 |
| | ’n Derdepersoonsverteller sou nie so ’n eerstehandse/eerlike/geloofwaardige vertelling kon bied nie, want so ’n soort verteller kan nie so naby aan Phil leef/beweeg om hierdie geheime omtrent sy handelinge te ontbloot nie. √ | 1 |
| 7.9 | Die verteller bou/verhoog die spanning (omdat die leser weet Phil is tuis.) √ | 1 |
| 7.10 | Ja.<br>Lucia ontbloot Phil as ’n misdadiger./<br>Lucia bied emosionele ondersteuning aan Leendra en Sielie./tree as ma vir Leendra en Sielie op. √√ | 2 |
| | Ja.<br>Wanneer Lucia vir Leendra oor Phil se skelmstreke inlig, help dit haar om die onopgeloste antwoorde rondom haar ouers se dood uit te vind sodat sy eindelik vrygemaak kon word van ’n harseer verlede./<br>Wanneer Lucia besluit om van Phil te skei, bevry sy haarself uit ’n negatiewe omgewing. √ | 1 |
| | | |
| 7.11 | In TEKS A is Leendra uitdagend/uitgesproke, maar in reël 15–19 van TEKS B is sy beangs/teruggetrokke/stil. √ | 1 |
| | | |
| 7.12 | *Droomdelwers* fokus op die verwoestende effek wat hebsug/geldgierigheid op mense/gemeenskappe kan hê. √ | 1 |
| | | **[25]** |

***MY JAPAN* – Schalk Schoombee**

**VRAAG 8: *MY JAPAN* – LITERÊRE OPSTEL**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

**LET WEL:**
- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan.

- **Die wasgoeddraad maak deel uit van die dekor** en is daarom 'n belangrike fokuspunt in die drama.
- **Die wasgoeddrade verdeel die verhoog in twee dele** omdat hulle horisontaal en parallel oor die verhoog gespan is.
- **Die wasgoeddraad help om aanvanklik konteks aan die verhaalgebeure te gee** omdat die karakters en figure tussen die wasgoed verskyn en verdwyn.
- **Skadufigure wat op die wasgoeddraad geprojekteer word help om spanning te skep,** want die leser kan die onheilspellendheid in die donker figure aanvoel.
- **Omdat die wasgoedlyn na weerskante van die verhoog gekatrol kan word, word beweging bewerkstellig** wat byvoorbeeld die effek van die wind wat waai, behoorlik skep.
- **Die draad word ook as rekwisiet ingespan, want die wasgoed wat wapper of gestrooi lê ondersteun die intrige**. Tydens Ilse se toespraak, word die wasgoed die puin wat na die tsoenami oorbly.
- **Die ma is aan die begin van die drama besig om wasgoed op te hang waar die verlede uitgebeeld word**, maar later in die drama verstaan die leser/kyker die simboliese betekenis van wat uitgebeeld is.
- **Die wasgoedlyn dui telkens 'n nuwe ruimte aan**, want Ilse stap byvoorbeeld deur die wasgoed skool toe en die kinders kom die klaskamer deur die wasgoed binne.
- **Op konnotatiewe vlak verkry die wasgoed betekenis wanneer ons die idiomatiese uitdrukking 'om jou wasgoed in die openbaar te was' oproep**, want in hierdie drama word alles wat agter geslote deure gebeur, aan almal vertel.
- **Die karakters is besig om hul vuil wasgoed in die openbaar te was** en so kom die gehoor te wete wat die oorsaak van Ilse-hulle se gesinsverbrokkeling is.
- **Die wasgoeddraad wil telkens simboliese waarde aan gebeure koppel vir trefkrag**, soos wanneer die verhoog sonder wasgoed is as die ma die grys pilletjies vir smart en onthou drink, want die geeste het dit afgehaal en saamgevat om te bewys dat die ma se smart besig is om te verdwyn en dit dui dus haar herstel aan.
- **'n Ander simboliese oomblik is die stilte voor die tsoenami kom**, soos uitgebeeld in Ilse se toespraak, en die wasgoed wat dan doodstil hang.
- **Wanneer Ilse haar kimono uittrek en op die wasgoeddraad hang**, besef sy dat Japan net 'n illusie is, want sy moet die werklikheid kan aanvaar.
- **Elke keer wanneer 'n karakter (in Toneel 10) sy/haar klere op die draad hang, verskaf hul 'n rede waarom hul van hierdie beeld van hul ontslae wil raak** en so word die wasgoeddraad vir elkeen 'n simbool van bevryding van dit waarvan hul (emosioneel) ontslae wil raak.
- **Eindelik word die karakters, soos wasgoed wat gewas word, gereinig**/skoon van 'n hartseer verlede.

Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan.

## VRAAG 9: *MY JAPAN* – KONTEKSTUELE VRAAG

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 9.1 | Die seuns het baklei. √ | 1 |
| 9.2 | Ilse is meer volwasse as die groep./Ilse meng nie met die res van die groep nie./Ilse verkies haar eie geselskap of verbeeldingsvlugte bo gesprekke met vriende./Ilse toon empatie met Elzette wat haarself sny. √<br><br>Elzette is ’n goth. √ | 1<br><br>1 |
| 9.3 | Toneelaanwysings/Neweteks √<br><br>Dit gee spelleiding aan die regisseur/karakters hoedat hul moet optree: die meisies moet nou giggel terwyl Elzette hulle aangluur./<br>Dit gee spelleiding oor hoe die karakters moet optree om die spanning hier te verhoog. √<br><br>Die L-Bende √ | 1<br><br>1<br><br>1 |
| 9.4 | Ja.<br>Ilse se huislike omstandighede/milieu herinner haar aan hul hartseer verlede/haar boetie se dood/haar gesin se verbrokkeling en daarom is dit geregverdig om te dink dat sy van dié hartseer kan/wil vergeet wanneer sy Japan toe gaan. √<br><br>Ja.<br>Ilse het nodig om onder haar ma se streng oog uit te kom om haar eie stem te vind./Ilse moet breek met haar hartseer verlede en daarom kan ’n nuwe lewe in die vreemde haar dalk help om innerlike vrede te vind.<br><br>*Die kandidaat bied enige TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.*<br><br>**OF**<br><br>Nee.<br>Dit sal nie help om (Japan toe) te probeer vlug van die werklikheid van Ilse se hartseer situasie by haar ouerhuis nie, want die hartseer sal haar volg waarookal sy gaan as sy nie vrede maak met wat gebeur het nie./Ilse kan nie haar ma alleen agterlaat nie; hulle het mekaar nou baie nodig. √√<br><br>*Die kandidaat bied enige TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 1<br><br><br><br>2 |
| 9.5 | Japan is Ilse se verbeeldingswêreld waarheen sy ontvlug as dinge te veel vir haar word. √ | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 9.6 | Uiterlike konflik √<br><br>Ja.<br>Wanneer die leerders elkeen aan die einde van die drama hul klere op die draad hang, verklaar hul dat hul van 'n spesifieke negatiewe beeld ontslae wil raak en daarom die suggestie dat hul afstand doen van die ou-self en die ander karakters sal aanvaar vir wie hul werklik is.<br><br>**OF**<br><br>Nee.<br>Die karakters hang hul identiteitkledingstukke simbolies op die wasgoeddraad, maar dit is nie noodwendig so dat wanneer hul afstand doen van hul ou-self dat hul nie in konflik met ander mense sal staan nie./Daar is geen besliste bewys in die drama dat die leerders se konflik met mekaar opgelos is nie. √ | 1<br><br><br><br><br><br><br><br><br><br>1 |
| 9.7 | Ilse en haar ma is gedurig in konflik/baklei gereeld met mekaar omdat Ilse nie wil doen soos haar ma sê nie./Omdat Mercia nie aan Ilse se wense/drome gehoor wil gee nie. √ | 1 |
| 9.8 | Die ma's soek na die tsoenami tussen die puin na die slagoffers net soos Mercia vroeër na Danie gesoek het toe hy verdwyn het. √ | 1 |
| 9.9 | Verwikkeling/Ontwikkeling √<br><br>Dit is waar die verhouding tussen karakters al meer gespanne word/konflik toeneem as gevolg van die hartseer wat tussen Ilse en haar ma staan. √<br><br>Ons sien tydspronge (tussen die hede en verlede) in hierdie drama. √ | 1<br><br>1<br><br>1 |
| 9.10 | Die pilletjies wat uitgedeel word is tekenend van die emosies en gevoel van die gebeure wat op daardie tydstip op die verhoog afspeel. √<br><br>Grootvlei-inrigting √ | 1<br><br>1 |
| 9.11 | Denotatief – Futakuchi-onna √<br><br>Konnotatief – Ilse se ma openbaar twee kante: aan die een kant die hartseer/moeilike/aanhoudende/verslonste ma en aan die ander kant die professionele beroepsvrou. √<br><br>Ja<br>Ilse se ma projekteer haar hartseer/verlies op Ilse en dan is sy weer skielik 'n professionele beroepsvrou wat sterk en in beheer voorkom. √<br><br>*Die kandidaat kan nie NEE as antwoord aanbied nie.*<br><br>Ilse en haar ma het in die ontboesemingtoneel mekaar vrygespreek van enige aandeel aan/skuld vir Danie se dood en die konflik is so opgelos./ Ilse se ma laat Ilse toe om Japan toe te gaan en haar droom te gaan uitleef. / | 1<br><br>1<br><br>1 |

| | | |
|---|---|---|
| | Ilse het ook geen normale/konvensionele manier waarop sy na haar ma kyk/haar ma ervaar nie./<br>Ilse se verbeeldingswêreld dra daartoe by dat sy ook nie ’n normale/ konvensionele beskouing van mense het nie./<br>Ilse dink nie sy het ’n normale ma nie, maar eerder ’n monster met twee monde. √ | 1 |
| | | |
| 9.12 | ’n Tragedie kan ’n geweldige negatiewe invloed op ’n gesin hê./’n Tragedie kan ’n gesin vervreem van mekaar/uitmekaarskeur. √<br><br>*Die kandidaat formuleer binne konteks ’n eie boodskap, bv.*<br><br>Ek het opnuut geleer dat ek my gesin moet waardeer./Ek het geleer dat daar tog hoop is as ongeluk my tref. √ | 1<br><br><br><br>1 |
| | | **[10]** |

**TOTAAL AFDELING C: 25**
**GROOTTOTAAL: 80**

## AFDELING A: ASSESSERINGSRUBRIEK VIR LITERÊRE OPSTEL – HUISTAAL: POËSIE [10 PUNTE]

| Kriteria | Uitsonderlik | Knap | Gemiddeld | Elementêr | Onvoldoende |
|---|---|---|---|---|---|
| **INHOUD** | **8–10** | **6–7** | **4–5** | **2–3** | **0–1** |
| Interpretasie van onderwerp<br>Diepte van argument, verantwoordbaarheid en insig in teks<br><br>**7 PUNTE** | - Diepgaande interpretasie van onderwerp<br>- Reeks treffende argumente wat behoorlik uit die gedig gerugsteun is.<br>- Uitstekende begrip van die genre en gedig. | - Toon begrip van die onderwerp en het die onderwerp goed geïnterpreteer<br>- Respons redelik gedetailleerd<br>- Enkele deeglike argumente gegee, maar nie almal ewe goed gemotiveer nie<br>- Begrip van genre en gedig duidelik. | - Redelike interpretasie van die onderwerp.<br>- Enkele goeie punte ter ondersteuning van die onderwerp<br>- Enkele argument word ondersteun, maar bewyse nie altyd oortuigend nie<br>- Basiese begrip van genre en gedig | - Onbevredigende interpretasie van die onderwerp<br>- Byna geen punte wat die onderwerp ondersteun nie<br>- Onvoldoende begrip van genre en gedig | - Geen begrip van die onderwerp nie<br>- Geen verwysing na die gedig nie<br>- Leerder het nie die genre en gedig onder die knie nie |
| **STRUKTUUR EN TAAL**<br>Struktuur, logiese vloei en aanbieding<br>Taalgebruik, toon en styl gebruik in opstel<br><br>**3 PUNTE** | - Samehangende struktuur.<br>- Argumente goed gestruktureer en daar is duidelike ontwikkeling.<br>- Taalgebruik, toon en styl is volwasse, dit beïndruk en is korrek<br>- Grammatika, spelling en punktuasie feitlik foutvry | - Duidelike struktuur en logiese vloei van argument<br>- Vloei van argument kan gevolg word<br>- Taalgebruik, toon en styl is grootliks korrek | - Enkele bewyse van struktuur<br>- 'n Goed gestruktureerde logiese vloei en samehang ontbreek in die opstel<br>- Geringe taalfoute; toon en styl meestal gepas | - Struktuur toon tekens van swak beplanning<br>- Argumente nie logies gerangskik nie<br>- Taalfoute beduidend<br>- Toon en styl nie geskik nie | - Struktuur swak<br>- Ernstige taalfoute<br>- Foutiewe styl |
| **VERSPREIDING VAN PUNTE** | **8–10** | **6–7** | **4–5** | **2–3** | **0–1** |

## AFDELING B EN C: ASSESSERINGSRUBRIEK VIR LITERÊRE OPSTEL – HUISTAAL: ROMAN EN DRAMA [25 PUNTE]

| Kriteria | Uitsonderlik | Knap | Gemiddeld | Elementêr | Onvoldoende |
|---|---|---|---|---|---|
| **INHOUD** | **12–15** | **9–11** | **6–8** | **4–5** | **0–3** |
| Interpretasie van onderwerp<br>Diepte van argument, verantwoordbaarheid en insig in teks<br><br>**15 PUNTE** | - Uitsonderlike respons: 14–15<br>- Uitstekende respons: 12–13<br>- Diepgaande interpretasie van onderwerp<br>- Reeks treffende argumente wat behoorlik uit die gedig gerugsteun is<br>- Uitstekende begrip van die genre en teks | - Toon begrip van die onderwerp en het die onderwerp goed geïnterpreteer<br>- Respons redelik gedetailleerd<br>- Enkele deeglike argumente gegee, maar nie almal ewe goed gemotiveer nie<br>- Begrip van genre en teks duidelik | - Redelike interpretasie van die onderwerp; nie alle aspekte in detail ondersoek nie<br>- Enkele goeie punte ter ondersteuning van die onderwerp<br>- Enkele argument word ondersteun, maar bewyse nie altyd oortuigend nie<br>- Basiese begrip van genre en teks | - Onbevredigende interpretasie van die onderwerp: byna geen aspekte in detail ondersoek nie<br>- Min punte wat die onderwerp ondersteun<br>- Baie min relevante argumente<br>- Weinig begrip van genre en teks | - Geen begrip van die onderwerp nie<br>- Swak poging om die vraag te beantwoord.<br>- Argumente oortuig nie<br>- Leerder het nie die genre en teks onder die knie nie |
| **STRUKTUUR EN TAAL** | **8–10** | **6–7** | **4–5** | **2–3** | **0–1** |
| Struktuur, logiese vloei en aanbieding<br>Taalgebruik, toon en styl gebruik in opstel<br><br>**10 PUNTE** | - Samehangende struktuur<br>- Uitstekende inleiding en slot<br>- Argumente goed gestruktureer en daar is duidelike ontwikkeling<br>- Taalgebruik, toon en styl is volwasse, dit beïndruk en is korrek | - Duidelike struktuur<br>- Logiese vloei van argument<br>- Inleiding, slot en ander paragrawe samehangend georganiseer<br>- Taalgebruik, toon en styl is grootliks korrek | - Enkele bewyse van struktuur<br>- Logika en samehang is duidelik, maar met foute<br>- Enkele taalfoute; toon en styl meestal gepas<br>- Paragrafering meestal korrek | - Struktuur toon tekens van swak beplanning<br>- Argumente nie logies gerangskik nie<br>- Taalfoute beduidend<br>- Toon en styl nie geskik nie<br>- Paragrafering foutief | - Gebrek aan beplande struktuur belemmer vloei van argumente<br>- Taalfoute en foutiewe styl laat hierdie skryfstuk misluk<br>- Styl en toon nie geskik nie<br>- Paragrafering foutief |
| **VERSPREIDING VAN PUNTE** | **20–25** | **15–19** | **10–14** | **5–9** | **0–4** |

Kopiereg voorbehou